

## PatientGO – Eindgebruikerslisensie-ooreenkoms ("EGLO" of "Ooreenkoms")

Laas bygewerk op 23 Junie 2020

Hierdie EGLO of ooreenkoms (tesame met ons privaatheidsbeleid en enige ekstra gebruiksvoorwaardes wat deur verwysing in die EGLO geïnkorporeer is, vorm saam ons **gebruiksvoorwaardes** en is van toepassing op u gebruik van die PatientGO-app tydens u deelname aan die kliniese proef. Die gebruiksvoorwaardes is onderskeibaar van enige voorwaardes wat u deelname aan die kliniese proef (kliniese proef) beheer. Die PatientGO-app is 'n mobiele toepassing wat u slegs toelaat om, as deelnemer aan 'n kliniese proef, u reis, akkommodasie en kostevergoeding te bestuur.

### Wie ons is

Illingworth Research Group Limited is die eienaar van die app en die verskaffer van die PatientGO-diens (gesamentlik na verwys as "Illingworth" of "ons" in hierdie ooreenkoms).

Indien u enige vrae oor die app het, hulp nodig of enige probleme ervaar om die app te gebruik, kontak ons asseblief deur 'n e-pos aan [patientgo@illingworthresearch.com](mailto:patientgo@illingworthresearch.com) te stuur.

### Hoe ons met u sal kommunikeer

- Ons sal u per e-pos, telefoon of SMS kontak deur die kontakbesonderhede wat u aan ons verskaf het om reis en akkommodasie te bespreek en/of vergoeding van koste te bestuur tydens u deelname aan die kliniese proef.

### In ruil vir u instemming om die gebruiksvoorwaardes na te kom, mag u:

- 'n kopie van die app op enige toestel aflaai wat aan die minimum stelselvereistes voldoen soos hier onder uiteengesit word:
  - Vir iOS is die minimum stelselvereiste iPhone 6s/iOS 13 SDK;
  - Vir Android, Android 6 BS en gesteunde toestelle;
  - Vir webtoepassings is die app vir die nuutste weergawes (ten tye van ontwikkeling) van Safari (Apple), Google Chrome en Microsoft Edge geoptimeer.
- slegs vir u persoonlike doeleindes die app op sodanige toestelle bekyk, gebruik en vertoon;
- die pasiëntinligtingsblaai wat verskaf word, gebruik om u te help met die installering van en toegelate gebruik van die app;
- Ons gee aan u persoonlik die reg om die app te gebruik soos hier onder uiteengesit by **Lisensie**. U mag nie die app aan iemand anders oordra nie, of dit nou vir geld, enigiets anders of verniet is. As u enige toestel verkoop waarop die app geïnstalleer is, moet u die app afhaal van die toestel wat verkoop word.

### **Indien u jonger as 18 jaar is**

Die app is nie bedoel vir gebruik deur kinders nie ('n "kind" is enigiemand onder die ouderdom van 18). Waar 'n kind deelneem aan die kliniese proef waarin die app beskikbaar gestel is, word die app slegs beskikbaar gestel vir aflaaï en gebruik deur die persoon wat ouerlike verantwoordelikheid oor die kind het. Enige versoeke binne die app moet deur daardie persoon namens die kind gerig word.

### **U privaatheid**

In die privaatheidsbeleid verskaf ons sekere inligting aan u oor hoe ons u persoonlike data verwerk (insluitend spesialekategoriedata) en vir watter doeleindes, en u regte ten opsigte van daardie data.

Dra asseblief kennis daarvan dat internetoordragte nooit heeltemal privaat of beveilig is nie en dat enige boodskap of inligting wat u met behulp van die app stuur, deur ander gelees of onderskep kan word, selfs al is daar 'n spesiale kennisgewing dat 'n spesifieke oordrag geënkripteer is.

### **iTunes- en Google Play-voorwaardes is ook van toepassing**

Die wyses waarop u die app gebruik, mag ook deur iTunes en Google Play se reëls en beleid beheer word, en daardie reëls of beleid sal in plaas van hierdie voorwaardes van toepassing wees waar daar verskille tussen die twee is.

### **Veranderings aan gebruiksvoorwaardes**

Ons moet dalk die gebruiksvoorwaardes verander om veranderings in die wet of beste praktyke te reflekteer, of om ekstra kenmerke wat ons bekendstel, te hanteer. Ons behou die reg voor om ons gebruiksvoorwaardes te verander en ons moedig u aan om die gebruiksvoorwaardes gereeld na te gaan vir enige veranderings.

### **Bywerking van die app**

Van tyd tot tyd kan ons die app outomaties bywerk om werksverrigting te verbeter, funksionaliteit te verskerp, veranderings aan die bedryfstelsel te reflekteer of veiligheidsprobleme aan te spreek. Alternatiewelik kan ons u versoek om die app weens hierdie redes by te werk. Indien u kies om nie sodanige bywerkings te installeer nie of indien u uitteken uit outomatiese bywerkings, sal u moontlik nie kan voortgaan om die app te gebruik nie.

### **Indien die telefoon of toestel wat u gebruik, aan iemand anders behoort**

Indien u die app op enige telefoon of ander toestel aflaaï of stroom wat nie aan u behoort nie, moet u die eienaar se toestemming daarvoor hê. Dis u verantwoordelikheid om hierdie gebruiksvoorwaardes na te kom, of dit nou u eie telefoon of ander toestel is of nie.

## Lisensie

Die PatientGO- mobiele toepassingsagteware, die data wat saam met die sagteware verskaf word en enige bywerkings of aanvullings daartoe staan gesamentlik bekend as die "app". Illingworth ken aan u 'n herroepbare, nie-eksklusiewe, nie-oordraagbare, beperkte lisensie toe om die app af te laai, te installeer en te gebruik alleenlik vir u persoonlike, nie-kommersiële doeleindes, streng volgens die voorwaardes van hierdie ooreenkoms.

## Lisensiebeperkings

U stem in dat u nie die volgende sal doen nie:

1. die app in enige vorm, in geheel of gedeeltelik, aan enige persoon sal huur, verhuur, sublisensieer, leen, verskaf of andersins beskikbaar stel sonder ons vooraf skriftelike toestemming nie;
2. die app sal kopieer nie, behalwe as deel van die normale gebruik van die app of waar dit nodig is vir rugsteundoeleindes of bedryfsekuriteit;
3. die app in sy geheel of enige deel daarvan sal vertaal, laat saamsmelt, aanpas, wissel, verander of wysig nie, en ook nie sal toelaat dat die app of enige deel daarvan gekombineer word met, of geïntegreer word in enige ander programme nie, behalwe soos nodig om die app op toestelle te gebruik soos wat in hierdie gebruiksvoorwaardes toegelaat word;
4. die app in sy geheel of enige deel daarvan uitmekaar sal haal, de-kompileer, ontmantel of afgeleide werke sal maak wat op die app gebaseer is nie. U sal ook nie probeer om enige sodanige dinge te doen nie, behalwe tot die mate waartoe (uit hoofde van afdeling 50B en 296A van die Wet op Kopiereg, Ontwerpe en Patente, 1988) sodanige aksies nie verbied kan word nie omdat dit noodsaaklik is om die app te de-kompileer om die inligting te verkry wat nodig is om 'n onafhanklike program te skep wat saam met die app of 'n ander program (toegelate doelwit) bedryf kan word, en op voorwaarde dat die inligting wat u tydens sodanige aktiwiteite verkry:
  - a) nie onthul of gekommunikeer sal word aan enige derde party aan wie dit nie nodig is om dit te onthul of te kommunikeer om die toegelate doelwit te bereik sonder ons vooraf skriftelike toestemming nie; en
  - b) nie gebruik sal word om enige sagteware te skep wat substansieel soortgelyk in sy uitdrukking aan die app is nie; beveilig gehou sal word; en slegs vir die toegelate doelwit gebruik sal word;
  - c) sal voldoen aan alle toepaslike tegnologiebeheer of uitvoerwette en regulasies wat van toepassing is op die tegnologie wat gebruik word of deur die app ondersteun word.

## **Aanvaarbare gebruiksbepelkings**

U mag:

5. nie die app op enige onwettige manier, vir enige onwettige doeleinde of op enige manier wat strydig met hierdie voorwaardes is, gebruik nie, of bedrog pleeg of kwaadwillig optree nie, byvoorbeeld deur by die app in te breek of kwaadwillige kode, soos virusse of skadelike data, by die app of enige bedryfstelsel in te voer nie;
6. nie ons intellektuele eiendomsregte of dié van enige derde party met betrekking tot u gebruik van die app oortree nie, insluitend deur die indiening van enige materiaal (tot die mate wat sodanige gebruik nie deur hierdie voorwaardes gelisenseer word nie);
7. nie enige materiaal uitstuur wat lasterlik, beledigend of andersins aanstootlik is met betrekking tot u gebruik van die app nie;
8. nie die app op 'n wyse gebruik wat ons stelsels of sekuriteit kan beskadig, deaktiveer, oorlaai, benadeel of in gevaar kan stel, of ander gebruikers versteur nie; en
9. nie enige inligting of data van ons stelsels af insamel of oes nie, of probeer om enige transmissies na of van die bedieners wat die app laat loop, te ontsyfer nie.

## **Intellektuele eiendomsregte**

Alle intellektuele eiendomsregte in die app regoor die wêreld behoort aan ons en die regte in die app word aan u gelisenseer (nie verkoop nie). U het geen intellektuele eiendomsregte in of teenoor die app nie, behalwe die reg om dit in ooreenstemming met die voorwaardes van hierdie ooreenkoms te gebruik.

## **Ons verantwoordelikheid vir verlies of skade wat u mag ly**

Ons is verantwoordelik vir voorsienbare verlies of skade wat deur ons veroorsaak word. Indien ons versuim om hierdie voorwaardes na te kom, is ons verantwoordelik vir verlies of skade wat u ly wat 'n voorsienbare resultaat van ons verbreking van hierdie gebruiksvoorwaardes is, of weens ons versuim om toereikende sorg en vaardigheid aan die dag te lê, maar ons is nie verantwoordelik vir enige verlies of skade wat onvoorsienbaar is nie. Verlies of skade is voorsienbaar as dit ooglopend is dat dit sal gebeur, of as ons sowel as u geweet het dat dit dalk kan gebeur ten tye van u aanvaarding van hierdie gebruiksvoorwaardes. Ons beperk of sluit nie ons aanspreeklikheid teenoor u op enige manier uit waar dit onwettig sou wees om dit te doen nie. Dit sluit aanspreeklikheid in vir sterfte of persoonlike besering wat deur ons nalatigheid of die nalatigheid van ons werknemers, agente of subkontrakteurs veroorsaak word, of vir bedrog of bedrieglike wanvoorstelling.

Wanneer ons aanspreeklik is vir skade aan u eiendom. As foutiewe digitale inhoud wat ons verskaf het, 'n toestel of digitale inhoud beskadig wat aan u behoort, sal ons die skade herstel of 'n vergoedingsbedrag aan u betaal. Ons sal egter nie aanspreeklik wees vir skade wat u kon vermy het deur ons advies te volg om 'n bywerking te installeer wat gratis aan u gebied is nie, of vir skade wat veroorsaak is deurdat u versuim het om installeeringsinstruksies korrek na te volg of nie ons aanbevole minimum stelselvereistes in plek gehad het nie.

Ons is nie aanspreeklik vir besigheidsverliese nie. Die app is vir huishoudelike en privaatgebruik. Indien u die app vir enige kommersiële, besigheids- of herverkoopdoeleindes gebruik, sal ons geen aanspreeklikheid teenoor u hê vir enige winsverlies, besigheidsverlies, besigheidsontwrigting of verlies van 'n besigheidsgeleentheid nie.

Die app se beperkings. Die app word slegs verskaf vir algemene inligting en om u te help om u reis en akkommodasie, asook kostevergoeding te reël tydens u deelname aan die kliniese proef. Dit bied nie advies aan waarop u moet staatmaak nie. U moet professionele of spesialisadvies inwin voordat u enige aksie neem, of nie neem nie, op grond van inligting wat vanaf die app verkry is. Alhoewel ons toereikende pogings aanwend om die inligting by te werk wat deur die app verskaf word, maak ons geen voorstellings, waarborge of sekerheidstellings, of dit nou uitdruklik of geïmpliseerd is, dat sodanige inligting akkuraat, volledig of op datum is nie.

Maak asseblief rugsteunkopieë van inhoud en data wat saam met die app gebruik word. Ons beveel aan dat u rugsteunkopieë maak van enige inhoud en data wat in verband met die app gebruik word om u self te beskerm in geval die app probleme oplewer.

Gebeurtenisse buite ons beheer. Ons is nie verantwoordelik vir gebeurtenisse buite ons beheer nie. Indien ons weens 'n gebeurtenis buite ons beheer die app nie kan steun nie, sal ons u so gou moontlik kontak om u daarvan in kennis te stel en ons sal stappe neem om die uitwerking van die steunonderbreking te beperk. Op voorwaarde dat ons dit doen, sal ons nie aanspreeklik wees vir onderbrekings wat deur die gebeurtenis veroorsaak word nie, maar as daar 'n risiko van substansiële onderbreking is, kan u ons kontak om u kontrak met ons te beëindig. Let asseblief daarop dat die beëindiging van u kontrak met ons nie u deelname aan die kliniese proef, wat onafhanklik en afsonderlik bestuur word, sal beëindig nie.

Ons kan u regte om die app te gebruik beëindig indien u hierdie gebruiksvoorwaardes verbreek. Ons kan u regte om die app te gebruik te enige tyd beëindig deur u te kontak as u hierdie voorwaardes op 'n ernstige manier verbreek het. Indien wat u gedoen het weer reggestel kan word, sal ons u 'n billike geleentheid gee om dit te doen.

#### **Indien ons u regte beëindig om die app te gebruik**

10. moet u alle aktiwiteite staak wat deur hierdie voorwaardes gemagtig word, insluitend u gebruik van die app;
11. moet u die app uitwis of afhaal van alle toestelle in u besit en onmiddellik alle kopieë van die app wat u het, vernietig en aan ons bevestig dat u dit gedoen het;
12. kan ons afstandstoegang tot u toestelle verkry en die app daarvan verwyder.

#### **Termyn en beëindiging**

13. Hierdie ooreenkoms bly van krag totdat dit deur u OF deur ons beëindig word.
14. Beëindiging van hierdie ooreenkoms sal nie u inskrywing by die kliniese proef beëindig nie, waarvan u deelname onder toesig van die borg/sy aangestelde derde party is, wat onafhanklik van Illingworth is.
15. U kan ook hierdie ooreenkoms beëindig deur die app en alle kopieë daarvan van u mobiele toestel te skrap. Ons wil u aanmoedig om seker te maak dat alle versoeke wat met behulp van die app gemaak is, vervul is voordat u dit doen.
16. Illingworth mag, na eie goeddunke, te enige tyd en om enige of geen rede nie, hierdie ooreenkoms opskort of beëindig met of sonder vooraf kennisgewing.

### **Ander belangrike voorwaardes**

17. Ons mag ons regte en verpligtings onder hierdie gebruiksvorwaardes aan 'n ander organisasie oordra. Ons sal u altyd skriftelik daaroor inlig as dit gebeur en ons sal seker maak dat die oordrag nie u regte sal aantast nie.
18. U benodig ons toestemming om u regte aan iemand anders oor te dra.
19. U mag slegs u regte of u verpligtings onder hierdie voorwaardes aan 'n ander persoon oordra indien ons skriftelik daartoe instem.
20. Hierdie ooreenkoms gee nie aanleiding tot enige regte aan enige derde party om enige voorwaarde van hierdie ooreenkoms af te dwing nie.
21. Indien enige stipulasie van hierdie ooreenkoms as ontoepaslik of ongeldig beskou word, sal sodanige stipulasie verander en vertolk word om die doelwitte van sodanige stipulasie tot die grootste mate moontlik onder toepaslike wetgewing te bereik en die oorblywende stipulasies sal volstroom van krag bly.
22. Selfs al sloer ons in die afdwing van hierdie ooreenkoms, kan ons dit steeds op 'n latere tydstip afdwing. As ons nie onmiddellik daarop aandring dat u enigiets doen wat van u verwag word onder hierdie gebruiksvorwaardes nie, of indien ons sloer om stappe teen u te neem ten opsigte van u verbreking van hierdie ooreenkoms, beteken dit nie dat u nie daardie dinge hoef te doen nie en dit sal ons nie verhoed om op 'n latere datum stappe teen u te neem nie.